

23 Junie

Daaglikse bekommernisse

Skrifgedeelte: Lukas 10:38-42 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Lukas 10:41, 42

Almal van ons word deur bekommernisse omring. Om ons te bekommer oor sake, is eintlik só deel van die gebroke wêreld dat dit vir ons baie makliker is om ons te bekommer as wat dit is om ons nie te bekommer nie. Ons is bewus van die bekende feit dat baie van die dinge waaroor ons bekommer, nooit gebeur nie – en tog bly ons bekommerd.

Ons fokusvers bring ons by die besorgdheid van Martha en haar verontrusting. Sy bedien die Here. Tog is haar hart vol onrus en vol besorgdheid. Sy was besig, het hard gewerk en het nie baie tyd gekry om na Jesus se woorde te luister nie. Dit ontstel haar dat Maria net by Jesus sit terwyl sy aanhou werk en aanhou bedien. Maria sit aan die voete van die Here. Sy luister en maak seker dat sy die Here hoor.

Hierdie onrus het in Martha gegroei totdat sy Jesus daaroor konfronteer. Dit ontstel haar nie net dat Maria nie help nie, maar ook dat Hy Maria nie aanspreek nie. In liefde spreek Hy haar egter aan: “Martha, Martha” – twee keer noem Hy haar naam. Hy gaan nou vir haar iets belangriks leer. *Sy is **te** bekommerd, **te** verontrus.* In sy antwoord op Martha se bekommernis en haar ongerustheid stel Jesus haar gerus. Hy bring haar waar sy moet wees, en waar ons ook moet wees.

Ons is, net soos Martha, dikwels te bekommerd, en dit oor dinge wat verbygaan. Ons moet leer om te leef uit die verlossing van Jesus Christus. Hierdie verlossing is ewig, kan nie van ons af weggevat word nie. Leer vandag om deur die Heilige Gees soos Maria te kom by dit wat nodig is, wat vir ewig blywend is: Jesus Christus.

Sing: Psalm 116:1, 2, 3 (1936-beryming)

Ds. Hannes Noëth (Naboomspruit)